# KOERSVAS

Jaargang 7 Uitgawe 168 30 Augustus 2019




In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

**Resep vir onsmaaklikheid**

Daar is baie resepte vir die maak van sjokolade. Elke resep bevat sekere basiese bestanddele en dan geheime byvoegings. Die regte kombinasie van kakao en kakao botter of -olie, volroom melk en melkpoeier, suiker, botter asook die geheime bestanddele kan maak dat jy *Lindt* of ander top-sjokolade sal maak.

Gaan jy na die Karoo, kry jy baie lekker lam en skaapvleis. Daar is mense in Joubertina omgewing wat beweer hulle skaapvleis is selfs lekkerder. Gaan stap jy in daardie veld, of enige ander veld waar skape wei, gaan jy skaapmis kan versamel. Met sorg kan jy mooi ronde bolletjies versamel, en dit lyk, ruik en smaak dieselfde.

Doop jy die skaap-bolletjies nou in hierdie sjokolade van jou, het jy die mooiste sjokolade balletjies, mooi om na te kyk en met die heerlikste reuk. Begin jy daaraan eet, is die eerste suigsmaak idillies, maar gou kom jy agter die hart van hierdie sjokolade balletjies is skaapmis en die smaak is maar swakkerig - of ander rymelary woorde.

Volg jy 'n ander roete en maak 'n harde lekker omhulsel vir jou skaap-bolletjies, kan ditalle kleure van die reënboog wees; mooi om na te kyk en baie lank om aan te suig. Die kern daarvan bly egter altyd dieselfde. Die hart daarvan is mis wat alles bederf.

Ek het teleurgestel gekyk na die bekendstelling van die nuutste Springbok-span. Heroïese musiek en flitsende ligte het gemik na 'n skouspel. Die week voor die bekendstelling was die media vol lof vir die span wat al hoe meer lyk na die reënboog nasie.

Die resep verskil; die kern is dieselfde: Die bestanddele verskil van konteks tot konteks. Sommige maak groot gewag van die aanspreek van die ongelykhede van die verlede. Meer as 25 jaar later word die verlede die rede vir die optredes van die hede. Die dekolonisasie fanatici praat van die sistemiese probleme aanspreek. Die soet sousie van 'regstellende aksie' word telkens voorgehou. Daar is die gedagtes van BEE en BBEE (*broadbased black economic empowerment*) wat so edel klink. Opheffing is so 'n opbouende woord. Maatskappye, sportspanne en die gemeenskap word gedwing om aan sekere 'transformasie' teikens te voldoen. Die resultaat word die reënboog nasie genoem. Daar is natuurlik die sif van 'haatspraak' wat 'n stomme vlag spreekreg gee en onmiddellik weer ontneem. Van die ander bestanddele is terme soos sosiale geregtigheid,

akkommodasie, verdraag-saamheid en kwotasisteem.
Dit maak nie saak watter kombinasie jy gebruik nie; die kern bly dieselfde, diskriminasie. Rasse diskriminasie (en ook ander soos geslag). Diskriminasie op grond van onveranderbare karaktertrekke wat van geboorte deel van 'n mens is. Eienskappe soos die aantal melanien in jou vel.
Die lewe is nie 'n eendag-wedstryd nie: Net soos die vorige geslagte se beleide onder skoot kom en enige goeie intensies en resultate verwerp of ignoreer word, so sal ook hierdie geslag se kern blootgelê word. Die geskiedenis gaan die vrot kern van diskriminasie beslis uitwys. Almal gaan in die toekoms sien dat die keiser kaal is.
Daardie wrang smaak is eintlik klaar in almal se monde. Diegene teen wie diskrimineer word, kan die beste op die veld wees, en nie die span haal nie. Hoeveel keer moet daar nie vir kinders met uitstaande talente en vaardighede gesê word dat hulle die beste is, maar nie die span haal nie? Net omdat sekere kwotas bereik moet word. Hoe verduidelik jy dit aan die kind? Vertel jy daardie kind dat die huidige owerheid en denke pretendeer dat dit sy skuld is dat sy voorouers - wat knaend gedemoniseer word - na bewering sus en so gemaak het en dat sy lewensideale gekenmerk en ingeperk sal word deur transformasie? Geen wonder daar is soveel spanne oorsee met spanlede met goeie Afrikaanse vanne nie.
Wat van die een wat deur hierdie diskriminasie bevoordeel word? Elke mens wil weet dat hy/sy verdien om op daardie kruin te wees. Om daarop aan te dring dat jy die beste is net omdat jy in die beste span is, gaan nie jou kern oortuig in die sousie van transformasie en regstelling nie. Die dag wat alle kwotas laat vaar word, die dag waarop net meriete bepaal wie is in en wie is uit, op daardie dag sal elke spanlid weet dat dit nie ander se ideologiese stryd is wat hom of daar geplaas het nie. Die selftevredenheid van self bereik, is 'n soete kern wat die toets van tyd deurstaan.
Daar is egter ook ander gevolge van hierdie resep volg; verskriklike gevolge wat in geweld en vernietiging kan eindig. Ons kan maar net die vrot kern ontbloot en pleit vir ware erkenning van uitnemendheid. Dit gaan nie net oor dit wat ons sê en waarvoor ons pleit nie. Ons kan deur ons afwesigheid en die afwesigheid van ons geld baie vermag. Wanneer ons ophou om die bolletjies wat aan ons opgedis word te eet, en te maak asof ons dit geniet, kan ons dalk help om van diskriminasie ontslae te raak.

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### BONDSDAMESBYEENKOMS 2019

TEMA 2019: GENOEG
Sy antwoord was: “My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.” Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. 2 Korintiërs 12:9

**1. UITNODIGING:**

Soos gepubliseer in Koersvas, word u hartlik uitgenooi na die sesde Damesbyeenkoms wat DV plaasvind op 9 September 2019 te Premiermyn Hervormde Kerk, Cullinan. Dames is ook welkom by die Bondsvergadering vanaf die opening en met verversings daarna; asook die saamkuier Maandagaand en Dinsdag. Dui asseblief t.w.v voorbereiding aan watter etes u gaan nuttig (en vir hoeveel persone). Doen dit per gemeente. Epos dit VOOR of OP 29

Augustus 2019 aan Annetjie Joubert by annetjiejoubert9@gmail.com
Die koste beloop R180 pp vir dames wat Maandag net vir die vergadering teenwoordig is. Indien u Sondagaand, Maandagaand en/ of Dinsdag ook inskakel, is 'n eenmalige bedrag van R250 pp betaalbaar te:
HDV Premiermyn, Nedbank- Premiermyn, Tjek: 1045 788 368, Takkode: 162 050

**2. BONDSDAMES PROGRAM/ SAKELYS VIR 2019**

BONDSVERGADERING: SONDAG 8 SEPTEMBER 2019
16:00 -17:30 Registrasie
17:45 - 18:00 Samesang
18:00 - 18:45 Openingsrede
18:45 - 19:15 Verversings

DAMES: MAANDAG 9 SEPTEMBER 2019
07:15 - 8: 15 Bondsdames Registrasie
Plaaskoffie en beskuit
08:30 – 8:45 Gesamentlike Opening
09:00 - 10:45 Verwelkoming en Konstituerin
Wie is ek? / Waarom is ek hier?
TEMA: **GENOEG (1)**
10:45 - 11:15 TEETYD
11:15 - 12:30 ITEM
TEMA: **GENOEG (2)**
12:30 - 14:00 MIDDAGETE & TREK VAN KWILT
14:00 - 15:45 Kom ons wees kreatief..
14:00 - 15:45 "MY GENADE IS VIR JOU GENOEG"
Algemeen
Bedankings en afsluiting.
18:00 - Spitbraai en saamkuier by Gemeente Premiermyn

**3. KWILT 2019 & 2020**

Die Kwiltprojek word jaarliks as gesamentlike projek deur die Bondsgemeentes aangepak. Die simboliek hiervan is die saamwerk as gelowige gemeentes aan 'n Groter Saak waarvan ons hartelik oortuig is. Die jaarlikse opbrengs uit die kwilt word jaarliks gebruik/opgebou vir die Teologiese Opleiding van toekomstige GHG predikante.
'n Baie groot dank aan gemeente Koster vir die pragtige kwilt wat gereed is vir uitloot tydens ons 2019 Damesbyeenkoms. Hierdie lootjielyste is/word hanteer deur Marie-Louise Alberts van Koster gemeente, haar kontaknommer is 082 336 5791. Die lyste moes in wees teen 15 Junie, met bewys van elektroniese inbetaling.
Gemeentes wat nie lootjielyste geneem het nie, word versoek om asseblief R400 minimum oor te betaal aan die Teologiese Studiefonds; dit is die ekwivalent van slegs een lys se lootjies en sodoende is u steeds deel van die projek. T.o.v. inbetalings, skakel u met ouderling Tom Greeff van Premiermyn @ 082 445 8881. Maak seker dat u u gemeente se naam en Kwiltprojek meld en dat u 'n bewys van betaling deurstuur aan tomcases@lantic.net.
Gemeentes Vivo/Dendron het die kwilt vir 2020 gemaak.

**4. OUDIT**

Damesverenigings wat hulle eie boeke het, moet onthou dat dit gereeld deur 'n onafhanklike ouditeur geoudit moet word.

**5. LEWENSBROOD 2020**

Lewensbrood 2020 word tans geproeflees. Daar gaan baie tyd, werk, beplanning, gebed en nadenke in hierdie gehalte produk in. Bestel u Lewensbrode betyds: vir u gemeente, self, kinders en vriende. Dit maak altyd 'n baie besondere Kersgeskenk en is deel van die uitdra van die suiwer evangelie. Maak seker u gemeente se bestellings word betyds afgehandel. Ons bly so dankbaar vir ons predikante se bydraes en elke

gemeente se tydige bestellings. Bestel vroegtydig by Ella Joubert @ 082 564 1915.

**6. VRIENDE VAN DIE OORD PV3**

Ons herinner u aan verlede jaar se inligtingsgesprek wat die hoof en adjunkhoof van Die Oord PV3 wat volwassenes met verstandelike uitdagings versorg, aangebied het en wat met groot waardering aangehoor is. Die wêreld is dikwels wreed teenoor hierdie kinders, daarom hou 'n mens hulle vas in die ouerhuis en beskerm hulle maksimaal. In der waarheid is daar wonderlike tehuise wat hierdie mense die geleentheid gee om net hulself te wees en hulself uit te leef. By Die Oord kry elkeen 'n werkie waarvoor hulle vergoed word en waarop hulle baie trots is wat weer daartoe lei dat hulle hul menswaardigheid terugkry. Almal is uitgenooi om lid te word van die Vriende van die Oord-groep. Lees meer hieroor by https://kormorant.co.za/26385/die-oord-pv3-sorg-vir-die-spesiales/ of kontak me Esna Maree @ 012 253 0750/1/2/3.

**7. KOMMUNIKASIE**

Om bygevoeg te word by die kontak-/ inligtingsgroep, stuur 'n whatsapp aan Yvette by 072 223 7522.

8. ONTHOU JOU FOTO'S:

Stuur vooraf jul foto's vir die skyfievertoning per epos of whatsapp dit deur na marietjiewolmarans@yahoo.com
of 082 345 8393.

Onthou: Gemeente se naam
Predikantsvrou se naam
Voorsitter van Vrouevereniging se naam en telefoonnommer.

Foto's, foto's en nogmaals foto's van wat daar by julle gebeur.

**9. STUUR 'N BOODSKAP!**

Dit is nie altyd vir almal moontlik om te reis nie. Indien u nie self by die Bondsdames se byeenkoms kan wees nie, span gerus die tegnologie in: Stuur vir Marietjie 'n boodskap deur. Maak seker u noem u gemeente se naam duidelik.

Tot ons mekaar dan sien, is dit genoeg.
Vriendelike groete
Yvette Otto

**BONDSVERGADERING**

**Neem kennis:**

Tydens die samestelling van die agenda vir die Bondsvergadering het daar 'n paar foute ingesluip waarvoor nederig om verskoning gevra word.

U word versoek om asseblief die volgende regstellings te maak:

1. As afgevaardigde van Stilfontein word u versoek om asseblief ouderling HJ (Hendrik) Steenkamp se naam by te voeg.
2. U word verder versoek om emeritus Ds Johann Mouton van Gemeente Premiermyn, ook by die name van Emeriti te voeg.

Indien u bewus is van enige verdere foute wat betref die Agenda vir die Bondsvergadering, word u versoek om dit onder my aandag te bring.

**Neem kennis:**

Tydens die Bondsvergadering het ons die geleentheid om Maandagaand 9 September 2019 vanaf 18:00 heerlik saam te kuier en te eet.

Om die nodige voorbereidings te tref word u versoek om asseblief voor of op Woensdag 4 September 2019 u afgevaardigdes of betalende waarnemers WAT WEL DIE ETE GAAN BYWOON, se getalle te bevestig.

Stuur asseblief u gemeente se naam met die hoeveelheid persone wat die ete gaan bywoon per sms of WhatsApp boodskap aan Mev. Annetjie Joubert (0829218200)

U samewerking word hoog op prys gestel.

**BEDIENING IN BLOEMFONTEIN**

Met die bedanking van ds. Thinus Swart en die emeritaatsaanvaarding van ds. Lewis Strauss, probeer die Kuratorium, Gemeente Bloemfontein bystaan met die bediening aldaar.

Hiermee rig die Kuratorium 'n vriendelike versoek tot u om hulp.

Dit sal hoog op prys gestel word indien u u weg sou oopvind om u predikant net een naweek per jaar die geleentheid sou gun om met die prediking en moontlike pastoraat in Bloemfontein by te staan.

Die Kuratorium het 'n donateur wat ons help met die aanvanklike reiskoste totdat Gemeente Bloemfontein self die koste kan dra.

Enige klein bydrae van u kant sal egter baie waardeer word.

By voorbaat baie dankie vir u simpatieke oor.

Die Kuratorium hoor graag van u in die verband.

Vriendelike groete,

SEKRETARIS oudl. Pieter Geyser

**GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na http://www.geloofsbond.org.za/

Daar is ook weekliks nuwe preke op ***whatsapp*** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

**OORNAG FASILITEITE**

**Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !

Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek

- naby hospitaal en besighede-

Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**

Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

**ella@teamworkprinters.com**